

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
22 Oktober 1978

Onderwerp: Die Wederkoms  
Dankseggingsdiens

Lees: 1 Thessalonicense 5 verse 1 tot 11

Teks: 1 Thessalonicense 5 verse 1 tot 11

Sing: Psalm 147 vers 1  
Psalm 130 verse 3 en 4

“Ons weet nie wat die toekoms vir ons inhou nie. Maar ons weet wie die Een is wat die toekoms in sy hande het. Dit is Jesus Christus.

“Ons weet nie presies wat vir ons, ons kinders, ons Kerk en ons volk te wagte is nie. Maar ons weet wel wat om te verwag. Dit is Jesus Christus wat op die wolke sal kom. Daarom is die feit van sy wederkoms ’n troos vir u en my en die Kerk van Jesus Christus. Elkeen wat met hierdie troos lewe, het niks om te vrees vir die toekoms nie, maar gaan hierdie dag met blydschap tegemoet.

“Daarenteen sê Paulus in hoofstuk 5 dat hierdie naderende dag van Jesus Christus vir die goddeloses ’n katastrofe sal wees. Al hulle sondige ideale sal ineen tuimel en alle wêreldse utopias van aardse geluk sal in duie stort. Dan sal die geroep om middernag wees: ‘Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!’ (Matt 25:6) Dit sal vir die goddeloses as ’n onverwagte skok kom, op ’n uur wat hulle nooit sal verwag nie: ‘die dag van die Here kom net soos ’n dief in die nag.’ (1 Thes 5:2)

“Hierdie uitdrukking ‘die dag van die Here’ kom ver terug uit die Ou Testament. Dit dui op die dag van God se finale oordeel oor die goddelose mensdom. Paulus het duidelik teen daardie dag gewaarsku. En die dag wat ‘kom net soos ’n dief in die nag’ is die Bybelse beeld vir die onverwagte, onvoorspelbare koms van die Here.

“As God ingryp op die laaste dag, sal die geskiedenis van hierdie ou wêreld tot ’n einde kom. Die inbrekende wil van God sal vensters en deure stukkend slaan in die nagtelike duisternis van die sondewêreld. Daar sal geen sprake wees van ’n geleidelike ontwikkeling nie; en daar sal geen massabekering wees nie. Nee, hier staan dat die gang van die geskiedenis skielik,

plotseling, beëindig sal word deur 'n soewereine daad van God.

“Daar was nog altyd deur die eeue heen Christene wat probeer het om die datum van Jesus Christus se wederkoms te voorspel. Selfs die dissipels kon die versoeking op die oggend van die Hemelvaart nie weerstaan nie. Daarom het hulle gevra en het Jesus geantwoord: ‘Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie’. (Hand 1:7)

“Paulus het teen hierdie sektariese neiging gewaarsku toe hy gesê het: ‘Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag.’ (1 Thes 5:1) Jesus het aan die slapende kerk in Sardis gesê: ‘as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.’ (Openb 3:3) Dit sal sonder waarskuwing geskied.

“In ons teksgedeelte skryf Paulus: ‘Vrede en veiligheid - dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.’ (1 Thes 5:3) Broers en Susters, juis wanneer die wêreldmag in sy propaganda sal aanspraak maak op vrede en sekuriteit, wanneer die aardse utopia van die vergoddelike mens en sy tydgees alles hier sal oorheers, sal die verderf skielik kom soos die barensood van 'n vrou. Dit sal wees soos 'n dief, wat niemand in kennis stel wanneer hy kom nie. Hy lui nie die voordeur se klokkie nie. Hy slaan juis toe wanneer almal slaap en doodgerus is oor hulle veiligheid.

“‘Verderf’ verwys hier na 'n verrotting van binne. Die dief kom van buite, maar die verderf van binne. Die sondige wêreld dra dus die kiem van sy vernietiging in homself: ‘en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.’ (1 Thes 5:3) Hier sien ons nadruklik dat die onbekeerde mens nooit die oordele van God sal ontsnap nie. Só seker as wat daar 'n belofte is van redding vir God se kinders, só onverbiddelik is die vonnis oor die mens wat volhard in sy sonde. Paulus het die gemeente van Thessalonicense gewaarsku met hierdie verdoemende boodskap, juis om hulle gereed te maak vir daardie dag.

“'n Verskriklike wêreldduisternis is besig om die mensdom te oorweldig. Die volkere van die wêreld kom al hoe meer onder die mag van die duisternis. Die

internasionale politiek lyk donker, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook regoor die vrye wêreld. Die heidendom is besig om te herleef. Dit is só erg dat die newels van ongeloof en goddeloosheid ook oor die kerk toesak. Die vraag word elke dag dringender: 'Wagter, hoe ver is dit in die nag?' (Jes 21:11) Wanneer kom die dag van die Here?

"Op die skildery van die gebeurtenisse van die dag van Jesus Christus, sal die donker agtergrond en skaduwees van die goddelose mensdom dien om die heerlijkheid van God se kinders soveel duideliker te beklemtoon. Dit is soos 'n simfonie van Beethoven, waar die wanklanke dien om die suiwer klanke helderder na vore te bring. Daarom vind ons hierdie voortdurende kontras van lig en duisternis, dag en nag. Nie alleen in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament, veral in die briewe van Johannes, is die lig altyd die kenmerk van God se wêreld, God se koninkryk, God se mense. Hierteenoor is die duisternis 'n beeld van die sondige, onbekeerde en goddelose wêreld. Dit is so eg Bybels.

"Ons lees telkens hoedat God sy gemeente geroep het vanuit die duisternis tot sy ewige lig. Dit moes die Thessalonicense destyds, en ook ons vandag, duidelik weet: 'Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk.' (1 Thes 5:4-7) Met ander woorde, julle weet dat Hy sal kom; en as julle die Here waarlik elke dag verwag, dan sal julle nie onvoorbereid wees op sy koms nie.

"Wie slaap, laat die dinge van die dag by hom verbygaan en steur hom nie aan die tyd waarin hy leef nie. Hy steur hom nie aan die tekens van die tye en die Woord van God nie. Hy stel nie belang nie. Hy weet nie dat God besig is hom te oordeel nie.

"Broers en Susters, ons mag nie soos dwelmverslaafdes leef nie. Ons mag nie leef soos mense wat kontak met die werklikheid verloor het; altyddeur in die vergetelheid wil vlug; en die realiteit van die toekoms in 'n roes wil wegheef nie. Dit is kenmerkend van die mens in ons dag se bestaan. Hy leef in 'n skynwêreld waarin hy nie meer wakker en nugter is nie. Hy kom van die nagklub-agtige skemerte van dowwe lig en oorverdowende lawaai. Daarom is hy

moeg en lui om te veg teen die sonde. Daarom het ons te doen met 'n lamsakkige Christendom en 'n Westerse wêreld wat hulle beginsels op die goedkoopste manier uitverkoop. Dit is mense wat nie meer 'n flenter omgee vir hulle roeping en taak vir die Kerk en hul volk nie.

“Om wakker te wees, beteken om die volle wapenrusting van God aan te trek. Paulus het geskryf: ‘Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.’ (1 Thes 5:8)

“‘Geloof’ is om vas te hou aan die beloftes van God in 'n donker wêreldnag as dit lyk asof alles in duie stort.

“‘Hoop’ is die sekerheid van 'n blye toekoms. Dit is die optimisme oor die uitslag van die geskiedenis, wetende dat dit veilig is in die HERE se hand.

“‘Liefde’ is die grootste. Dit is die band wat ons aan God en ons medemens verbind. Dit is die finale antwoord op Jesus Christus se genade om 'n kind van God te wees. Met hierdie liefde is ons in staat om alles te oorwin.

“Paulus het aan die Thessalonicense geskryf: ‘Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe.’ (1 Thes 5:9,10) Dit is Jesus Christus, wat vir ons gesterf het, wat waarborg dat ons die bestemming van ons saligheid sal bereik. En só word die dag van die Here verbind aan die kruis. Jesus wat kom, is ook die Jesus wat vir ons gesterf het.

“Die troos vir die gemeente op die vooraand van die wêreldnag van duisternis is baie duidelik: Dit is om in lewe en in sterwe aan Jesus Christus te behoort. En dit is om vandag, môre en in die toekoms met my lief en leed, die sorg van my huisgesin, die toekoms van my Kerk en die doodsgevaar vir my volk, saam met Jesus te lewe.

“God waarborg ons om vir altyd saam met Jesus te lewe. Dit is ons enigste sekuriteit. Dit is ook ons enigste troos in lewe en in sterwe.

“Amen.”